# HOEKOM moet ek leer?

Ansie Nel
Afgetrede bibliotekaresse

**Ek wonder of julle partykeer dink:** "Hoekom moet ons al die goed leer?"

Dalk is jy al moeg om te hoor ons gaan iets doen of leer wat julle nog nie vantevore gedoen het nie. Wil Juffrou of Meneer ons net besig hou of moeg maak?

Ek dink julle almal hou daarvan om geskenkies te kry, of hoe? Kom ons dink nou aan geskenkies. Sê nou maar dit is my verjaarsdag. Ek kry sommer vier of vyf of dalk baie meer geskenkies. Dit is al te pragtig toegedraai met mooi papier en linte, en een het selfs 'n vars blommetjie by die kaartjie. Ek pak die geskenkies mooi op 'n hopie en bêre dit in die hoek op 'n tafel wat ek nie baie gebruik nie. Ek maak dit glad nie oop nie. Dit lê net daar, onaangeraak.

Hoe dink julle sal die mense wat die geskenke gebring het voel as hulle weet dit lê nog net so mooi toegedraai op

die tafel? In die een pakkie was daar lekker sjokolade en in 'n ander een 'n hele nuwe stel boublokkies. As ek dit toegedraai op die tafel los, gaan dit stokoud word en niks vir niemand beteken nie. Dis omtrent soos die geskenk wat Jesus vir ons gegee het, naamlik ons wonderlike breine – as ons dit nie gaan gebruik nie, gaan ons breinselle "verroes" en niks vir ons beteken nie. Nes die toegedraaide geskenke.

Die meeste mense dink rekenaars is slim, nè? Maar dink net, daardie rekenaars is deur mense se breine uitgedink en gebou. En die werking van rekenaars se breine is baie, baie kleiner as die mens s'n. As Eskom die elektrisiteit afsit, gaan ons breine nie staan en ophou werk nie, maar as rekenaars nie elektrisiteit het nie, kan hulle glad nie werk nie. Dit alles vertel ek, dat julle moet verstaan hoe wonderlik mense se breine is.

Die probleem is, as ons nie ons brein soos 'n geskenk gebruik nie, gaan dit nes die sjokolade oud word, en soos die boublokkies gaan dit nooit in iets mooi omskep kan word nie. Met vier blokkies bou jy net 'n vierkant, maar as jy agt of tien blokkies het, kan jy al 'n vliegtuigie bou. Hoe meer blokkies jy het, hoe groter en beter word dit wat jy bou.

As ons nou aan ons breinselle as blokkies dink, dan kan ons sê elke nuwe ding wat jy leer is nog 'n boublokkie. Hoe meer jy leer, hoe meer selle in jou brein stoor dit wat jy geleer het, sodat jy dit later weer kan gebruik. Wie wil nou net 'n vierkant hê as jy 'n pragtige groot kar of huis of enige iets anders kan bou?

Kom ons bou aan ons breine tot ons die beste is wat ons kan wees.